

4 Maart

Skrifgedeelte: Eksodus 5:1-21
Fokusgedeelte: Eksodus 5:19-21

Ons God se groot verlossingsplan!

Hoe ondankbaar en kortsigtig kan die Israeliete dan wees? Besef hulle nie dat Moses en Aäron hulle lewens waag om met die farao te onderhandel nie? Besef hulle nie dat daar soveel meer op die spel is as net beter werksomstandighede nie? Moses en Aäron het immers 'n mandaat van die Verbondsgod wat aan Abraham belowe het dat sy nageslag in vryheid in hulle eie land sal woon en God se liefdevolle heerskappy en nabyheid daar sal beleef. Dis God se plan waarvoor hy hierdie twee manne roep. Hy wil Israel vir altyd uit slawerny bevry. Waarom werk hulle nie eerder saam met hulle verlossers as om hulle te verwyt nie? Ja, hulle kry dalk vir 'n kort tydjie swaarder, maar God sal hulle vry maak! Hulle is so kortsigtig, so selfsugtig!

Is dit hoe jy voel keer op keer as jy Israel se geskiedenis lees en veral hierdie gedeelte? Moenie te vinnig oordeel nie, want dis ook my en jou verhaal. Ons kyk net so maklik vas in die hier en nou en ons mis ook die groter prentjie. God het my en jou verlos van die slawerny van die sonde en ons vrygemaak om weer in sy teenwoordigheid te kan wees waar ons kan deel in sy heerlikheid. Daarvoor stuur hy ook 'n Verlosser, wat baie meer doen as om net sy lewe te waag. Jesus, die Seun van God, gee sy lewe in ruil vir ons lewens. Hy koop ons los uit die mag van die groot farao, die duiwel, met niks minder nie as sy bloed aan die kruis.

Wat is ons reaksie op hierdie aangrypende verlossingsplan? “Hoe kan U toelaat dat ek my werk verloor?” “Waarom gaan dit nie beter met my besigheid nie?” “Waarom moet ek so swaarkry?” “Wanneer gaan U nou ingryp en dinge in ons land maak soos dit was?” Ons is nog net so selfsugtig en kortsigtig.

Sy plan is soveel groter as ons hier en nou. Hy het ons nie net uit Egipte gehaal nie, maar Egipte uit ons gehaal. Ons is so dikvellig dat swaarkry baie keer al manier is wat ons oë hiervoor oopmaak. Vertrou God met jou hele lewe en lewensomstandighede.

Sing: Psalm 34:1, 8 (1936)

Ds. TF Dreyer (Randburg)